23.6 RAPPORT DEPUTATE VIR DIE UITGEE VAN DIE HANDELINGE (Art 118)

A. Dr CJ Smit lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

Kyk Acta 2006:780-781.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 Die Handelinge van die Sinode in 2006 is uitgegee volgens die handleiding wat deur die Sinode van 1985 vasgestel is (Acta 1985:51-53).

2.2 Volgens vorige Sinodebesluite is die volgende sake gehanteer:

2.2.1 Handelinge 2006 is van ’n alfabetiese indeks voorsien, asook ’n register van artikels voor in die Handelinge, soos dit in volgorde op die Sinode gedien het (Acta 1994:630, 631).

2.2.2 Die tersaaklike Notule-artikels is by elke saak aangedui (Acta 1994:630).

2.2.3 Slegs 500 eksemplare (eksemplare aan Kerkrade, pligeksemplare en bestellings) van die Handelinge is gedruk. 95 Eksemplare van die Handelinge 2006 is nog beskikbaar.

2.2.4 70 bestellings vir die Handelinge op laserskyf is uitgestuur. Op hierdie laserskyf is die Handelinge van 1997 tot 2003 ook gekopieer.

2.3 *Praktiese uitvoering van Errata Handelinge 2003*

Die Deputate vir die Uitgee van die Handelinge (2006 sowel as 2003) het opdrag gekry om ‘n volledige revisie van Handelinge 2003 vanaf die handgeskrewe notule te doen en ‘n volledige errata beskikbaar te stel.

2.3.1 Die Errata Handelinge 2003 is aan elke Kerkraad in ‘n boekievorm beskikbaar gestel aangesien die plakkervorm onnodige finansiële koste te weeg sou bring.

2.3.2 Die Errata Handelinge 2003 is ook op die GKSA webblad verkrygbaar.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.3.2.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Die Sinode benoem weer Deputate vir die uitgee van die Handelinge volgens die riglyne van Sinode 1985 (Acta 1985:51-53). Die Skriba en adjunk-skriba van Sinode 2009 moet ook as Deputate benoem word.

3.2 *Die Sinode begroot vir die volgende uitgawes*

3.2.1 Koste verbonde aan die publikasie van die Handelinge.

3.2.1.1 Word verwys na die Bestuur van die Administratiewe Buro saam met die Deputate vir Uitgee van die Handelinge. Daar word weer slegs die nodige aantal eksemplare gedruk.

3.2.1.2 Die Handelinge word weer op laserskyf beskikbaar gestel. Alle Handelinge wat elektronies beskikbaar is sal ook op die laserskyf beskikbaar gestel word.

3.2.2 Fondse vir taalkundige versorging.

3.2.3 Reiskoste vir Deputate.

3.2.4 Dat die Kerkorde-boekie, waar nodig, dadelik bygewerk word en dan saam met die Handelinge op die laserskyf beskikbaar gestel word.

Besluit: Goedgekeur.